Is dit ingewikkeld om Christen te wees?

Dalk is jy ook een van die mense wat dink: Daar is so baie moets en moenies. Ek raak deurmekaar. Ek weet nie wat die Here van my verwag nie. Is dit miskien die rede waarom jy nie kerk toe gaan nie; nie die Bybel lees nie en nie bid nie?

Of is dit sommer net 'n gemaklike verskoning: "Ek weet nie", terwyl jy eintlik bedoel: "Ek wil nie"? Dis mos 'n voor-die-handliggende verskoning: "Ek weet nie."

Die waarheid dis egter: Ons weet.

Die Bybel laat ons nie in die duister oor wat die Here van ons verwag nie, en — wat nog mooier is — die Bybel maak dit, ook nie ingewikkeld nie. Inteendeel — die Woord van die Here teken die regte weg so eenvoudig en duidelik, dat elkeen dit kan volg wat maar wil.

Om 'n kind van die Here te wees, is nie ingewikkeld nie. Jy hoef nie jou pad te probeer wind tussen honderd-en-een reëls nie.

Luister wat sê Miga: "Die Here het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is, en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?" (6: 8). Daar is drie groot riglyne:

doen reg
betrag liefde
wandel ootmoedig.

Doen reg

Ons voel self ook gekrenk as ons onreg aangedoen word. Dan is dit mos maklik om te verstaan dat die Here van ons verwag om reg te doen — oral, onder alle omstandighede en teenoor almal. Die Bybel leer ons dat "die Here regverdig is in al sy wee". Daarom moet ons dit ook nastreef as ons Christelik wil lewe. Dit beteken in die eerste plek sekerlik dat ons reg moet doen aan God; dat ons dus gehoorsaam aan Horn moet wees in alles; dat ons Horn oral moet Bien. Maar dit beteken ook dat ons geen onreg mag doen aan ons medemens nie — of by of sy 'n meerdere, 'n gelyke of 'n ondergeskikte is. Die vraag is: Doen ons aan ander wat ons graag aan onsself gedoen wil hê? Dit moet so wees, anders doen ons nie reg nie.

Betrag die liefde

Die Here het gesê dat dit die groot gebod is; die samevatting van al die gebooie: Om lief te hê. Ons moet God liefhê bo alles, en ons naaste soos onsself. Ons moet dus streef na toegewyde liefde en trou tussen almal. Om lief te hê, beteken immers: om 'n innige band te hê met iemand. Die Here verwag van ons om innig verbonde te wees aan Horn en ons naaste. Ons weet mos self ook hoe heerlik dit is om liefde te ontvang. Dan is dit mos ook maklik om te verstaan dat die Here van ons verwag om liefde te betrag.

Wandel ootmoedig

Ons stem seker saam dat nederigheid of ootmoed 'n mooi karaktereienskap is. Hoogmoedigheid en trotsheid steek 'n mens dwars in die krop. Ook dit maak dit maklik om te verstaan waarom die Here van ons verwag om ootmoedig te lewe. Voor die ewige God van hemel en aarde moet ons, nietige mensies, nederig lewe. En ons het werklik nie die reg om ons aan te stel, of ons iets te verbeel teenoor ons medemens nie.

Dit is dus wat die Here van ons vra: reg, liefde en ootmoed.

Is dit te veel gevra?

Is dit ingewikkeld?

Nee, sekerlik nie.

Die Here Jesus het ons juis so 'n pragtige voorbeeld gestel van hoe 'n mens dit behoort uit te leef.

Hoe kry 'n mens dit reg?

Ons, sondaarmense, kan dit in eie krag nie doen nie. Maar die Here wil ons deur sy Heilige Gees help.

Bid maar opreg tot Hom, en maak erns daarmee.

Dis nie so ingewikkeld as wat u dink nie.

En om 'n Christen te wees in hart en lewe, is heerliker as wat jy dink!

A Mulder

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za